**16.** (1) Any cadet shall, subject to the provisions of section 14 and subsection (2) of this section and for such period not exceeding twelve months as the board may determine or, as the board may direct, for two or more periods so determined not exceeding in the aggregate a period of twelve months and falling within a period not exceeding three years, undergo such training as any officer at a training centre may from time to time determine in accordance with the provisions of this Act.

(2) The Minister may on the recommendation of a committee extend the period of training of a cadet referred to in subsection (1), by not more than twelve months.

(3) Any period during which a cadet serves a sentence of imprisonment or during which he is absent without leave from any training centre or other place where he is required to undergo his training, shall not be taken into consideration in determining the duration of his training.

**Place of training.**

**17.** A cadet shall undergo his training at the training centre mentioned in the notice referred to in section 13 or at such other place as a committee may determine, whether or not such other place is a training centre.

**Access to committees.**

**18.** Any cadet shall, subject to such conditions as may be prescribed, have the right of personal access to any committee.

**Maintenance of discipline.**

**19.** (1) The principal of any training centre may—

(*a*) in accordance with such powers as may be conferred upon him by regulation and such procedure as may be prescribed, take disciplinary action against any cadet alleged to have contravened or failed to comply with any regulation or rule, and may on conviction impose on the cadet any prescribed punishment; or

(*b*) cause any such cadet to be brought before a magistrate's court for trial.

(2) Any magistrate's court before which a cadet is brought under subsection (1) (*b*), shall have jurisdiction to try the cadet for contravening or failing to comply with any regulation or rule, whether or not the contravention or failure took place within or outside its area of jurisdiction, and to impose on him, in lieu of or in addition to any prescribed punishment, any punishment of—

(*a*) a fine not exceeding two hundred rand or imprisonment for a period not exceeding six months; or

(*b*) confinement in any place set apart for such purpose at a training centre, for any period not exceeding thirty days, provided a medical officer of that training centre has certified that such confinement will in his opinion not be detrimental to the health of the cadet.

(3) (*a*) Whenever the principal of any training centre has imposed any punishment under this section, he shall forthwith transmit the record of the trial, together with his remarks and any written statements or argument he may have received from the cadet concerned, to the clerk of the magistrate's court of the district in which the training centre is situated.

(*b*) The said clerk shall forthwith lay the record, together with such remarks, statements or arguments, before the magistrate of the district for his consideration.

(4) If the conviction and punishment appear to the magistrate to be in accordance with justice, he shall endorse his certificate to that effect on the record and forthwith return the record to the principal of the training centre.

(5) If it appears to the magistrate that the conviction or

(*d*) die een of ander persoon aan buitensporige ontbering blootgestel sal word indien die rekruut opleiding ondergaan;

(*e*) die rekruut om die een of ander rede nie geskik is om opleiding te ondergaan nie of nie opleiding behoort te ondergaan nie.

## DEEL IV.

### KADETTE.

**Aard van opleiding.**

**15.** Opleiding wat kadette ondergaan, kan onder meer deelname aan liggaamsoefeninge, sportbedrywighede, driloefeninge en die verrigting van die een of ander soort werk insluit, maar bestaan hoofsaaklik uit opleiding vir die een of ander soort werk.

**Verpligting om opleiding te ondergaan en duur daarvan.**

**16.** (1) 'n Kadet moet, behoudens die bepalings van artikel 14 en subartikel (2) van hierdie artikel, vir die tydperk van hoogstens twaalf maande deur die raad bepaal of, al na die raad gelas, vir twee of meer tydperke aldus bepaal, wat gesamentlik nie 'n tydperk van twaalf maande te bowe gaan nie en wat binne 'n tydperk van hoogstens drie jaar val, die opleiding ondergaan wat 'n beampte by 'n opleidingsentrum ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die Minister kan op aanbeveling van 'n komitee die in subartikel (1) bedoelde tydperk van opleiding van 'n kadet met hoogstens twaalf maande verleng.

(3) 'n Tydperk waarin 'n kadet gevangenisstraf ondergaan of waarin hy sonder verlof afwesig is van 'n opleidingsentrum of ander plek waar hy sy opleiding moet ondergaan, word nie by die bepaling van die duur van sy opleiding in ag geneem nie.

**Plek van opleiding.**

**17.** 'n Kadet moet sy opleiding ondergaan by die opleidingsentrum in die in artikel 13 bedoelde kennisgewing vermeld of by 'n ander plek deur 'n komitee bepaal, hetsy so 'n ander plek 'n opleidingsentrum is al dan nie.

**Toegang tot komitees.**

**18.** 'n Kadet het, behoudens die voorgeskrewe voorwaardes, die reg van persoonlike toegang tot 'n komitee.

**Handhawing van tug.**

**19.** (1) Die hoof van 'n opleidingsentrum kan—

(*a*) ooreenkomstig die by regulasie aan hom verleende bevoegdhede en die voorgeskrewe prosedure, dissiplinêre stappe doen teen 'n kadet wat na bewering 'n regulasie of reël oortree het of versuim het om daaraan te voldoen, en kan die kadet by skuldigbevinding 'n voorgeskrewe straf oplê; of

(*b*) so 'n kadet vir verhoor voor 'n landdroshof laat bring.

(2) 'n Landdroshof voor wie 'n kadet kragtens subartikel (1) (*b*) gebring word, is bevoeg om die kadet weens oortreding van 'n regulasie of reël of versuim om daaraan te voldoen, te verhoor, hetsy die oortreding of versuim binne of buite die hof se regsgebied plaasgevind het, en om hom, in plaas van of benewens 'n voorgeskrewe straf, 'n straf op te lê van—

(*a*) 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande; of

(*b*) opsluiting in 'n plek wat by 'n opleidingsentrum vir die doel afgesonder is, vir 'n tydperk van hoogstens dertig dae, mits 'n geneeskundige beampte van bedoelde opleidingsentrum gesertifiseer het dat bedoelde opsluiting na sy oordeel nie vir die gesondheid van die kadet skadelik sal wees nie.

(3) (*a*) Wanneer die hoof van 'n opleidingsentrum 'n straf kragtens hierdie artikel opgelê het, stuur hy die notule van verhoor tesame met sy opmerkings en enige skriftelike verklarings of argumente deur hom van die betrokke kadet ontvang, onverwyld aan die klerk van die landdroshof van die distrik waarin die opleidingsentrum geleë is.

(*b*) Bedoelde klerk lê die notule tesame met bedoelde opmerkings, verklarings of argumente onverwyld aan die landdros van die distrik vir oorweging voor.

(4) Indien dit die landdros blyk dat daar met die skuldigbevinding en straf behoorlik reg geskied het, teken hy sy sertifikaat te dien effekte op die notule aan en stuur dit onverwyld aan die hoof van die opleidingsentrum terug.

(5) Indien dit die landdros blyk dat daar nie met die skuldigbevinding of straf reg geskied het nie, kan hy die verrigtings te

or correct the proceedings or may reduce or vary the punishment, and shall return the record with his instructions thereon to the principal of the training centre.

(6) A cadet shall not undergo any punishment which may be imposed under subsection (1) (*a*), unless a magistrate has approved of the punishment in terms of this section.

(7) Any cadet sentenced to imprisonment under subsection (2), shall be returned to a training centre on his discharge from prison.

Pay, allowances and gratuities.

**20.** (1) Subject to such conditions as the Minister in consultation with the Minister of Finance may determine, a cadet shall while he is undergoing training in a training centre receive such pay, allowances and gratuities as may be so determined.

(2) No cadet shall, without the approval of the principal of a training centre, cede his pay or allowances or any part thereof to any person, nor shall such pay or allowances or any part thereof be capable of being seized or attached under or by virtue of any judgment or order of any court of law, other than a garnishee order, nor shall it pass under or by virtue of any order made for the sequestration of his estate.

(3) Whenever any cadet has been found guilty under section 19 of contravening or failing to comply with any regulation or rule or admits in writing that he is guilty of any such contravention or failure, and the contravention or failure consists of any act or omission which resulted in loss of or damage to State property, the amount of the loss or damage or any part thereof may be deducted from the pay or allowances of the cadet in the prescribed manner, if the Minister so directs.

Uniforms, badges and equipment.

**21.** Such uniforms, badges and equipment as may be prescribed shall be supplied to a cadet at public expense and shall remain the property of the State unless the regulations otherwise provide.

Medals and certificates.

**22.** The Minister may approve medals or certificates which may be awarded to a cadet on such conditions as may be prescribed.

Exercise of certain parental powers.

**23.** (1) If the Minister is satisfied after due enquiry that it is necessary for a cadet to undergo an operation or medical treatment attended with serious danger to life, and that a parent or guardian whose consent to the operation or medical treatment is required, unreasonably refuses such consent or that such parent or guardian cannot be found or is deceased or is incompetent to give his consent owing to any mental disorder, the Minister may give the consent required.

(2) If the principal of a training centre has reasonable grounds for believing that an operation or medical treatment is necessary to save the life of a cadet or to save him from serious and permanent physical injury or disability, and that the need for the operation or medical treatment is so urgent that it admits of no delay for the purpose of obtaining the consent of a parent or guardian whose consent to the operation or medical treatment is required, the said principal may give the consent required.

Arrest of cadets.

**24.** Any policeman or any officer employed at a training centre may without warrant arrest any cadet—

(*a*) whom he has reasonable grounds to suspect of being absent from a training centre without leave or of attempting to abscond from a training centre;

(*b*) who is discharged from prison after having served any sentence of imprisonment,

and may remove such cadet in custody to a training centre or, in the case of a cadet arrested under paragraph (*a*), deal with him in accordance with the provisions of section 27 of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955).

## PART V.

### GENERAL.

Rewards for information relating to absconders.

**25.** The secretary may in consultation with the Treasury offer rewards to persons furnishing information leading to the tracing of persons who have contravened section 27 (*h*).

Limitation of application of certain laws.

**26.** The provisions of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), the Apprenticeship Act, 1944 (Act No. 37 of 1944), the Industrial Conciliation Act, 1956 (Act No.

niet doen of verbeter of kan hy die vonnis versag of wysig, en moet hy die notule met sy opdragte in verband daarmee aan die hoof van die opleidingsentrum terugstuur.

(6) 'n Kadet ondergaan geen straf wat kragtens subartikel (1) (*a*) opgelê kan word nie, tensy 'n landdros die straf kragtens hierdie artikel goedgekeur het.

(7) 'n Kadet wat kragtens subartikel (2) gevangenisstraf opgelê is, word by sy ontslag uit die gevangenis na 'n opleidingsentrum teruggestuur.

Soldy, toelaes en gratifikasies.

**20.** (1) Behoudens die voorwaardes wat deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal word, ontvang 'n kadet terwyl hy opleiding in 'n opleidingsentrum ondergaan die soldy, toelaes en gratifikasies wat aldus bepaal word.

(2) 'n Kadet mag nie sonder goedkeuring van die hoof van 'n opleidingsentrum sy soldy of toelaes of 'n deel daarvan aan 'n persoon sedeer nie, en bedoelde soldy of toelaes of 'n deel daarvan is nie vir beslaglegging ingevolge of uit hoofde van 'n uitspraak of bevel van 'n geregshof behalwe 'n skuldbeslagorder vatbaar nie en gaan nie oor ingevolge of uit hoofde van 'n bevel waarby sy boedel gesekwestreer word nie.

(3) Wanneer 'n kadet kragtens artikel 19 aan oortreding van 'n regulasie of reël of versuim om daaraan te voldoen, skuldig bevind is of skriftelik erken dat hy aan so 'n oortreding of versuim skuldig is, en die oortreding of versuim uit 'n handeling of versuim bestaan wat verlies van of skade aan Staatseiendom tot gevolg gehad het, kan die bedrag van die verlies of skade of 'n deel daarvan op die voorgeskrewe wyse van die soldy of toelaes van die kadet afgetrek word, indien die Minister dit gelas.

Uniforms, kentekens en uitrusting.

**21.** Die voorgeskrewe uniforms, kentekens en uitrusting word op Staatskoste aan 'n kadet verskaf en bly die eiendom van die Staat, tensy die regulasies anders bepaal.

Medaljes en sertifikate.

**22.** Die Minister kan medaljes of sertifikate goedkeur wat op die voorgeskrewe voorwaardes aan 'n kadet toegeken kan word.

Uitoefening van sekere ouerlike magte.

**23.** (1) Indien die Minister na behoorlike ondersoek, oortuig is dat dit noodsaaklik is dat 'n kadet 'n operasie of mediese behandeling moet ondergaan wat met ernstige lewensgevaar gepaard gaan, en dat 'n ouer of voog wie se toestemming tot die operasie of mediese behandeling nodig is, bedoelde toestemming op onredelike wyse weier of dat bedoelde ouer of voog nie opgespoor kan word nie of oorlede is of weens geestesgekrenktheid onbevoeg is om toestemming te gee, kan die Minister die nodige toestemming gee.

(2) Indien die hoof van 'n opleidingsentrum redelike gronde het om te vermoed dat 'n operasie of mediese behandeling noodsaaklik is om die lewe van 'n kadet te red of om hom van 'n ernstige en blywende liggaamlike letsel of gebrek te red, en dat die noodsaaklikheid van die operasie of mediese behandeling so dringend is dat dit geen uitstel gedoog om die toestemming van 'n ouer of voog wie se toestemming tot die operasie of mediese behandeling nodig is, te verkry nie, kan bedoelde hoof die nodige toestemming gee.

Inhegtenisneming van kadette.

**24.** 'n Polisiebeampte of 'n beampte in diens by 'n opleidingsentrum kan 'n kadet—

(*a*) wat hy op redelike gronde daarvan verdink dat hy sonder verlof van 'n opleidingsentrum afwesig is of dat hy poog om uit 'n opleidingsentrum weg te loop;

(*b*) wat, nadat hy gevangenisstraf uitgedien het, uit 'n gevangenis ontslaan word,

sonder lasbrief in hegtenis neem en in hegtenis na 'n opleidingsentrum verwyder of, in die geval van 'n kadet wat kragtens paragraaf (*a*) in hegtenis geneem is, ooreenkomstig die bepalings van artikel 27 van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), met hom handel.

## DEEL V.

### ALGEMEEN.

Belonings vir inligting omtrent weglopers.

**25.** Die sekretaris kan in oorleg met die Tesourie geldelike belonings uitloof aan persone wat inligting verstrek wat tot opsporing lei van persone wat artikel 27 (*h*) oortree het.

Beperking van toepassing van sekere wette.

**26.** Die bepalings van die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), die Wet op Vakleerlinge, 1944 (Wet No. 37 van 1944), die Wet op Nywerheidsversoening, 1956 (Wet No. 28 van 1956).

28 of 1956), and the Wage Act, 1957 (Act No. 5 of 1957), shall not apply in relation to cadets while undergoing training in a training centre.

**Offences.**

**27.** Any person who—

(*a*) contravenes or fails to comply with the provisions of section 8 (1);

(*b*) contravenes or fails to comply with the provisions of section 8 (4);

(*c*) obstructs or hinders a registering officer in the exercise of his powers under section 8 (5);

(*d*) contravenes or fails to comply with the provisions of section 9;

(*e*) fails to comply with a notice referred to in section 13;

(*f*) refuses or fails to undergo to the best of his ability any training he is required to undergo in terms of this Act;

(*g*) not being a cadet to whom any uniform or badge referred to in section 21 has been issued under that section, wears such uniform or badge or a uniform or badge resembling it;

(*h*) is a cadet and absconds from a training centre;

(*i*) harbours or conceals a cadet who has absconded from a training centre or prevents such cadet from returning to the training centre from which he absconded;

(*j*) in any application under this Act makes any statement or furnishes any information which is substantially incorrect, knowing it to be incorrect;

(*k*) pretends that a certificate of registration which has not been issued to him, has in fact been issued to him;

(*l*) with intent to deceive, forges, alters, renders illegible, destroys or mutilates any certificate of registration;

(*m*) allows any certificate of registration issued to him, to come into the possession of any other person,

shall be guilty of an offence and liable on conviction—

(i) in the case of an offence referred to in paragraph (*e*), (*f*), (*h*), (*i*), (*j*), (*k*) or (*l*), to a fine not exceeding five hundred rand or imprisonment for a period not exceeding three years, or to both such fine and such imprisonment;

(ii) in the case of an offence referred to in paragraph (*a*), (*b*), (*c*), (*d*), (*g*) or (*m*), to a fine not exceeding two hundred rand or imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment.

**Presumptions and evidence.**

**28.** (1) If it is alleged in any charge in any prosecution for an offence under this Act that the accused was a recruit at the time of commission of the alleged offence, it shall be presumed, until the contrary is proved, that he was a recruit at such time.

(2) For the purposes of section 27 (*h*) and (*i*) a cadet to whom leave of absence from a training centre has been granted and who after the cancellation or expiration of his leave fails to return to the training centre, shall be presumed to have absconded from the training centre unless it is proved that his failure to return was due to circumstances beyond the control of the person alleged to have contravened the said section.

**Regulations.**

**29.** (1) Subject to the provisions of subsection (2), the Minister may make regulations—

(*a*) as to the management, control and safeguarding of training centres;

(*b*) as to the constitution of committees and the calling of and the procedure and quorum at meetings of committees;

(*c*) prescribing the powers and functions of committees (including the power to make rules with the consent of the Minister for the maintenance of order and discipline in a training centre or in respect of cadets in a training centre or elsewhere) and the manner in which rules shall be promulgated;

(*d*) as to the maintenance of order and discipline in training centres or in respect of cadets in training centres or elsewhere;

(*e*) prescribing the powers, functions and duties of officers or employees at a training centre;

en die Loonwet, 1957 (Wet No. 5 van 1957), is nie met betrekking tot kadette terwyl hulle opleiding in 'n opleidingsentrum ondergaan van toepassing nie.

**Misdrywe.**

**27.** 'n Persoon wat—

(*a*) die bepalings van artikel 8 (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
(*b*) die bepalings van artikel 8 (4) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
(*c*) 'n registrasiebeampte by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens artikel 8 (5) belemmer of hinder;
(*d*) die bepalings van artikel 9 oortree of versuim om daaraan te voldoen;
(*e*) versuim om aan 'n in artikel 13 bedoelde kennisgewing te voldoen;
(*f*) weier of versuim om na die beste van sy vermoë opleiding te ondergaan wat hy ingevolge hierdie Wet verplig is om te ondergaan;
(*g*) nie 'n kadet is aan wie 'n in artikel 21 bedoelde uniform of kenteken kragtens daardie artikel aan hom verskaf is nie, en bedoelde uniform of kenteken of 'n uniform of kenteken wat daarop lyk, dra;
(*h*) 'n kadet is en van 'n opleidingsentrum wegloop;
(*i*) 'n kadet wat van 'n opleidingsentrum weggeloop het, herberg of versteek of verhinder om na die opleidingsentrum waarvan hy weggeloop het, terug te keer;
(*j*) in 'n aansoek ingevolge hierdie Wet 'n verklaring of inligting wat in 'n wesentlike opsig vals is, doen of verstrek met die wete dat dit vals is;
(*k*) voorgee dat 'n registrasiesertifikaat wat nie aan hom uitgereik is nie, wel aan hom uitgereik is;
(*l*) met die opset om te bedrieg 'n registrasiesertifikaat namaak, verander, onleesbaar maak, vernietig of skend;
(*m*) toelaat dat 'n registrasiesertifikaat wat aan hom uitgereik is, in die besit van 'n ander persoon kom,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar—

(i) in die geval van 'n in paragraaf (*e*), (*f*), (*h*), (*i*), (*j*), (*k*) of (*l*) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf;
(ii) in die geval van 'n in paragraaf (*a*), (*b*), (*c*), (*d*), (*g*) of (*m*) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

**Vermoedens en getuienis.**

**28.** (1) Indien daar in 'n klagskrif by 'n vervolging weens 'n misdryf ingevolge hierdie Wet beweer word dat die beskuldigde ten tyde van die pleeg van die beweerde misdryf 'n rekruut was, word daar vermoed totdat die teendeel bewys word, dat hy toe 'n rekruut was.

(2) By die toepassing van artikel 27 (*h*) en (*i*) word daar vermoed dat 'n kadet aan wie verlof tot afwesigheid van 'n opleidingsentrum toegestaan is en wat na intrekking of verstryking van sy verlof versuim om na die opleidingsentrum terug te keer, van die opleidingsentrum weggeloop het, tensy daar bewys word dat sy versuim om aldus terug te keer, te wyte was aan omstandighede waaroor die persoon wat na bewering bedoelde artikel oortree het, geen beheer gehad het nie.

**Regulasies.**

**29.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), kan die Minister regulasies uitvaardig—

(*a*) met betrekking tot die bestuur, beheer en beveiliging van opleidingsentrums;
(*b*) met betrekking tot die samestelling van komitees en die byeenroep van en prosedure en kworum op vergaderings van komitees;
(*c*) wat die bevoegdhede en werksaamhede van komitees voorskryf (met inbegrip van die bevoegdheid om met goedkeuring van die Minister reëls vir die handhawing van orde en tug in 'n opleidingsentrum of ten opsigte van kadette in 'n opleidingsentrum of elders uit te vaardig) en die wyse waarop reëls afgekondig moet word;
(*d*) met betrekking tot die handhawing van orde en tug in opleidingsentrums of ten opsigte van kadette in opleidingsentrums of elders;
(*e*) wat die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van beamptes of werknemers by 'n opleidingsentrum voorskryf;

(*f*) prescribing the powers and functions of persons appointed under section 5 or 6;

(*g*) prescribing the powers and functions of the chief registering officer;

(*h*) prescribing the manner in which or form on which an application for registration under Part II shall be made, the form in which a certificate of registration shall be issued and the manner in which and times at which a cadet shall notify any change in his address;

(*i*) as to the calling of and the procedure and quorum at meetings of the board and prescribing the powers and functions of the board;

(*j*) prescribing the manner in which a notice under section 13 is to be served upon any person;

(*k*) prescribing the form on which an application for exemption from any liability under this Act shall be made;

(*l*) prescribing the training which a cadet or a cadet of any particular class or kind shall undergo and the times when, the conditions subject to which and the circumstances in which he shall undergo such training;

(*m*) prescribing the conditions subject to which a cadet shall have access to a committee;

(*n*) prescribing the powers of the principal of a training centre to take disciplinary action against any cadet and the procedure to be followed;

(*o*) prescribing the manner in which deductions from the pay or allowances of a cadet may be made for loss or damage to State property;

(*p*) as to the uniforms, badges and equipment to be supplied to cadets, the care to be taken thereof by cadets and the circumstances in which such uniforms, badges or equipment shall become the property of a cadet;

(*q*) prescribing the conditions subject to which medals or certificates shall be awarded to a cadet;

(*r*) as to the granting or cancellation of leave of absence to cadets;

(*s*) in general, as to any matter in respect of which the Minister deems it necessary or expedient to make regulations in order to achieve the objects of this Act.

(2) Regulations relating to State revenues or expenditure, shall be made after consultation with the Minister of Finance.

(3) Different regulations may be made in respect of different training centres or committees or classes or kinds of cadets.

(4) Regulations may provide that any person other than a cadet who contravenes or fails to comply with any regulation or rule, shall be guilty of an offence and liable on conviction to such fine not exceeding two hundred rand or imprisonment for such period, not exceeding six months, as may be specified therein.

(5) Regulations may provide that any cadet who contravenes or fails to comply with any regulation or rule shall on conviction under section 19 be liable to one or more of the following punishments, namely—

(*a*) forfeiture of one or more privileges specified in the regulations, for a period not exceeding the period so specified;

(*b*) forfeiture of pay and allowances or any part thereof for any such period as aforesaid;

(*c*) the increase of the usual hours of training by not more than three hours per day for a period not exceeding three days;

(*d*) confinement in any place set apart for such purpose at a training centre, for any period not exceeding three days, provided a medical officer of that training centre has certified that such confinement will in his opinion not be detrimental to the health of the cadet.

Delegation of powers.

**30.** (1) The Minister may delegate to the secretary or any other officer of the State any power conferred upon him by this Act, other than any power referred to in section 2, 3 (3), 4, 5 (3), 7, 10 or 20 (1) or the power to make regulations, but shall not thereby be divested of any power so delegated, and may amend or withdraw any decision of the secretary or other officer

(*f*) wat die bevoegdhede en werksaamhede voorskryf van persone wat kragtens artikel 5 of 6 aangestel is;
(*g*) wat die bevoegdhede en werksaamhede van die hoofregistrasiebeampte voorskryf;
(*h*) wat die wyse of vorm voorskryf waarop 'n aansoek om registrasie ingevolge Deel II gedoen moet word, die vorm waarin 'n registrasiesertifikaat uitgereik moet word en die wyse en tye waarop 'n kadet 'n verandering van sy adres moet aanmeld;
(*i*) met betrekking tot die byeenroep van en die prosedure en kworum op vergaderings van die raad en wat die bevoegdhede en werksaamhede van die raad voorskryf;
(*j*) wat die wyse voorskryf waarop 'n kennisgewing ingevolge artikel 13 aan 'n persoon bestel moet word;
(*k*) wat die vorm voorskryf waarop 'n aansoek om vrystelling van 'n verpligting ingevolge hierdie Wet gedoen moet word;
(*l*) wat die opleiding voorskryf wat 'n kadet of 'n kadet van 'n bepaalde klas of soort moet ondergaan en die tye wanneer, die voorwaardes waarop en die omstandighede waaronder hy dit moet ondergaan;
(*m*) wat die voorwaardes voorskryf waarop 'n kadet toegang tot 'n komitee het;
(*n*) wat die bevoegdhede voorskryf van die hoof van 'n opleidingsentrum om dissiplinêre stappe teen 'n kadet te doen en die prosedure wat gevolg moet word;
(*o*) wat die wyse voorskryf waarop aftrekkings weens verlies of skade aan Staatseiendom, van die soldy of toelaes van 'n kadet kan geskied;
(*p*) met betrekking tot die uniforms, kentekens en uitrusting wat aan kadette verskaf moet word, die versorging daarvan deur kadette en die omstandighede waaronder bedoelde uniforms, kentekens of uitrusting die eiendom van 'n kadet word;
(*q*) wat die voorwaardes voorskryf waarop medaljes of sertifikate aan 'n kadet toegeken word;
(*r*) met betrekking tot die toestaan of intrekking van afwesigheidsverlof aan kadette;
(*s*) oor die algemeen, met betrekking tot 'n aangeleentheid ten opsigte waarvan die Minister dit nodig of dienstig ag om regulasies uit te vaardig ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(2) Regulasies wat op Staatsinkomste of -uitgawes betrekking het, word na oorlegpleging met die Minister van Finansies uitgevaardig.

(3) Verskillende regulasies kan ten opsigte van verskillende opleidingsentrums of komitees of klasse of soorte kadette uitgevaardig word.

(4) Regulasies kan bepaal dat 'n ander persoon as 'n kadet wat 'n regulasie of reël oortree of versuim om daaraan te voldoen, aan 'n misdryf skuldig is en by skuldigbevinding strafbaar is met die boete van hoogstens tweehonderd rand of gevangenisstraf vir die tydperk, maar hoogstens ses maande, wat daarin bepaal word.

(5) Regulasies kan bepaal dat 'n kadet wat 'n regulasie of reël oortree of versuim om daaraan te voldoen, by skuldigbevinding kragtens artikel 19, strafbaar is met een of meer van die volgende strawwe, naamlik—

(*a*) verbeuring van een of meer in die regulasies bepaalde voorregte vir 'n tydperk van hoogstens die aldus bepaalde tydperk;
(*b*) verbeuring van soldy en toelaes of 'n gedeelte daarvan vir 'n tydperk soos voormeld;
(*c*) verlenging van gewone opleidingsure met hoogstens drie uur per dag vir 'n tydperk van hoogstens drie dae;
(*d*) opsluiting in 'n plek wat by 'n opleidingsentrum vir die doel afgesonder is, vir 'n tydperk van hoogstens drie dae, mits 'n geneeskundige beampte van bedoelde opleidingsentrum gesertifiseer het dat bedoelde opsluiting na sy oordeel nie vir die gesondheid van die kadet skadelik sal wees nie.

**Delegering van bevoegdhede.**

**30.** (1) Die Minister kan 'n bevoegdheid by hierdie Wet aan hom verleen, uitgesonderd 'n in artikel 2, 3 (3), 4, 5 (3), 7, 10 of 20 (1) bedoelde bevoegdheid of die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, aan die sekretaris of 'n ander beampte van die Staat delegeer, maar word nie daardeur enige van sy aldus gedelegeerde bevoegdhede ontneem nie, en kan 'n besluit ...

(2) The secretary may, with the approval of the Minister, delegate to any other officer of the State any power delegated to or conferred upon him under or by this Act.

**Application of Act to South-West Africa.**

**31.** The State President may, by proclamation in the *Gazette* and subject to such conditions, modifications and exceptions as he may state in the proclamation, apply the provisions of this Act to the territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951), and in relation to all persons in that portion of the said territory known as the "Rehoboth Gebiet" and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of that territory.

**Short title and date of commencement.**

**32.** This Act shall be called the Training Centres for Coloured Cadets Act, 1967, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Die sekretaris kan, met goedkeuring van die Minister, 'n bevoegdheid wat ingevolge of by hierdie Wet aan hom gedelegeer of verleen is, aan 'n ander beampte van die Staat delegeer.

**Toepassing van die Wet op Suidwes-Afrika.**

**31.** Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* en behoudens die voorwaardes, wysigings en uitsonderings wat hy in die proklamasie vermeld, die bepalings van hierdie Wet van toepassing verklaar op die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel vermeld in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), en met betrekking tot alle persone in daardie gedeelte van genoemde gebied wat as die „Rehoboth Gebiet" bekend staan en wat in die eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van daardie gebied omskryf word.

**Kort titel en datum van inwerkingtreding.**

**32.** Hierdie Wet heet die Wet op Opleidingsentrums vir Kleurlingkadette, 1967, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.